



Stilswye is onaanvaarbaar

In die afgelope weke is ons tot stilstand geruk deur die wrede moorde op nege vroue. Gewone mense wat met onskuldige, alledaagse aktiviteite besig was, se lewens is vreed beëindig. Ons harte gaan uit na elke huisgenoot en na die hele gemeenskap wat aanvallig angstig gewag het op 'n geliefde vrou, dogter, mamma en tans in rou en slok verkeer.

Die noodkreet uit verskillende oorde was oorweldigend. Ons het een van hierdie stemme vry vertaal:

Vandag dra ek my swart doek vir elke suster wat ons verloor het as gevolg van geslagsgebaseerde geweld. Ek dra my swart doek vir elke vrou wat nie huis toe gekom het na families wat angstig op haar gewag het nie. Ek treur, Ek is bang. Ek sal egter nie stilgemaak word nie. Ek is 'n burger van hierdie land wat nie voorgeskrif wil word oor wat ek mag aantrek, waarheen ek op 'n gegewe dag mag gaan of hoe ek my lewe moet inrig nie. Neem kennis, leiers: ek weer om die volgende slagoffer te wees.

Verskeie gebede is geskryf en versprei, ook vanuit kerkgedeeltes, en kerke het sterk op hierdie gebeure gereageer. Die Metodiste Kerk van Suider-Afrika het byvoorbeeld 'n sterk bewoorte brief, met die opskrif *As ons susters nie veilig is nie, kan die kerk nie stilby nie*, uitgereik. Hul oproep tot gebed vir die veiligheid van alle vroue vind tans ook in ons eie Kerk weerklank. Dit is 'n oproep waartoe ons met oorgawe kan reageer. Die brief eindig met die kragtige woorde: **Gebed moet tot aksie lei.**

Elkeen van ons moet binne sy of haar invloedssfeer 'n hoorbare stem laat opgaan. Ons optrede in ons huise en werkkruimtes, in ons woonbuurte en gemeenskappe moet die vryheid, waardigheid en veiligheid van elke mens bevorder.

Genadiglik is stemme uit verskeie oorde gehoor en het daaropvolgende reaksie gevolg. Die tyd sal leer of die reaksie voldoende sal wees om vroue in ons land veilig en met vryheid van hul omgewing te laat beweeg, en om hulle in hul eie huise en werkkruimtes geboorte te laat voel.

Ten hierdie tyd weet ons dat die krisis veel verder strek as die buttekyke, stil strate en wandelpaie. Die ellende tref ook in slaapkamers, woonkamers, werkkruimtes en ander plekke waar onskuldige vroue aan fisiese en emosionele verwoesting blootgestel word. Ons stemme moet gehoor word. Dit kon my suster, my moeder of my vriendin wees wat 'n slagoffer geword het.

Ter wille van die vroue en moeders wat gelleefdes in rou agtergelaat het, én om

hul latenskap te eer, durf ons nie vergete of stil raak nie.

Dietrich Bonhoeffer het vanuit sy tronkel in Nazi-Duitsland heelwat geskryf oor onreg en sinnelose moord – oor die onskuldige vroue, kinders en mans wie se lewens deur die vreedhede van sy tyd kortgeknip is. Sy denke herinner ons daaraan dat stilswye teenoor onreg nooit net is om niks te doen nie. Om stil te bly, is ook 'n keuse: om nie op te tree nie, is op sigself 'n vorm van optrede.

Vir Bonhoeffer was die beskerming van die onderdruktes en weerlooses deel van 'n diepgewortelde keuse om die regte dinge te doen. Geen samelewing kan sinvol daarsonder funksioneer nie.

Ons roeping as Christene is om God se liefde in die wêreld sigbaar te maak. Daarom kan ons nie liefde verkondig en 'n tsefiedertyd swyg – wanneer weerlooses in nie. Ons gelooft vry meer as simpatie alleen; dit vra ons stemme sal laat hoor en dat gebod tot verantwoordelike optrede lei.

Jesus self herinner ons aan die erns hiervan wanneer Hy sê: *Vir sover julle dit aan een van die geringstes van hierdie broers (en susters) van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen* (Matt 25: 40, AFR83).

Maar sy woorde bevat ook 'n ernstige waarskuwing wanneer ons wegkik en nalaat om op te tree: *Vir sover julle dit aan een van die geringstes van hierdie broers (en susters) van My gedoen het, het julle dit aan My ook nie gedoen nie* (Matt 25: 45, AFR83).

Daarom kan ons nie verby die pyn van ander loop asof dit ons nie raak nie. Ons kan nie verby die weerlooses, die misstande en die slagoffers van geweld loop en stilby nie. Wanneer ons hulle nood ignoreer, loop ons volgens Jesus se woorde ook by Hom verby.

Stilswye is dus nie aanvaarbaar nie. Ons gebede moet hande en voete kry. Ons woorde moet tot optrede lei. Ons liefde vir Christus moet sigbaar word in die wyse waarop ons die weerlooses beskerm, hul waardigheid verdedig en weer om onreg te normaliseer.

Ds David Barnard (emeritus/ Magaliesmoot)



Ds Mariët Robbertze (Kempton)




**** Lees gerus ook hier ds Robbertze se artikel oor geweld teen vroue wat in die Augustus-uitgawe van Die Hervormer verskyn het.**

VINNIGE NUUS

- LIEF EN LEED
- VERJAARSDAE
- VERGADERINGS
- GEMEENTES EN BEDIENING
- WERKGELEENTHEDE
- KERKLIKE EN ANDER PUBLIKASIES
- KOM KYK EN LUISTER SAAM
- LIED VAN DIE WEEK
- GEDAGTE
- FONDSINAMELINGS EN KERKSAKE
- SP ENGELBRECHT-MUSEUM
- TOERUSTING
- BARMHARTIGHEID
- GEBED VIR DIE WEEK

“Die plaasing van teleshadertensies is gratis vir gemeentes. Adverensies met grafika totsoor R350 per uitgawe. Niks besoedelt die wêreld nie.”

“Die redaksie aanvaar verantwoordelikeheid vir die inhoud. Menings van deur skrywers uitgespreek word, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.”



Ontdek wat in die NhkA leef en gebeur! Besoek ons webblad by www.nhka.org vir nuus, inspirerende stories en inligting oor ons gemeentes en kerke. Kom loer gerus in en bly deel van die gesprek.

VERJAARSDAE

Die volgende predikante verjaar tot **1 Oktober**. Die Kerk wens u 'n gesênde lewensjaar toe.

Saterdag 26 September	Maandag 28 September	Maandag 28 September
Ds MJ (Marna) van der Westhuizen Beroep-afwagting	Prof IWC (Natie) van Wyk Emeritus	Ds BM (Buddle) Dupper Emeritus/ Pongla

VERGADERINGS

Dinsdag 6 Oktober	Vrydag 9 Oktober
TOF Beurs- en Leningskomitee	Oudit- en Risikokomitee

GEMEENTES EN BEDIENING

Gemeente Culembek het op Sondag 20 September groot fees gevier: **45 jaar** sedert die stigting van die gemeente, **40 jaar** sedert die ingebruikneming van die kerkgebou, en **ds Annerie Conradie se 30ste jaar** by die gemeente. Oudlidmate en huidige lidmate het die geleentheid saam gevier.

Oudt Pieter Swarners, een van die stigterslede van die gemeente wat tans in Lipton woon, het 'n diepgevoel gehad oor die 45 jaar wat hy saam met die gemeente beleef het. Die viering is afgesluit met heerlike versiers in 'n plaaslike hoërskoolsaal. Die gemeente is dankbaar vir die gesênde jare saam.

Dr Andorette van der Westhuizen (emeritus) is beskikbaar vir preekgeleentheid in die Pretoria-omgewing. Gemeentes kan haar kontak by andorettevdw@gmail.com of 075 399 4750.

NhkA (Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika) nooi geskikte en dinamiese kandidaat uit om aansoek te doen vir die pos van **Rekenmeester: Grootboek**.

Die geskikte kandidaat sal verantwoordelik wees vir die bestuur en beheer van die NhkA se finansiële transaksies en rekonsiliasies rakende grootboeke, kontroleerings, begrotings, trustrekeninge, asook finansiële verslagdoening. Die rol vereis 'n persoon met sterk tegniese rekenkundige kennis, uitstekende aandag aan detail en die vermoë om finansiële prosesse voortdurend te verbeter.

Die sluitingsdatum vir aansoek is **30 September 2026**. Klik [hier](#) vir die volledige beskrywing van die pos.

Bedieningsruimte: Gemeente Panorama, wat uit die gemeentes Witnir, Sabie en Hazynv saamgesmelt het, nooi aansoek van geleëgteerde en geënteerde predikante van die NhkA om 'n **deeltydse bedieningsruimte** te vul.

Kontak **ds Willem Breitenbach** by 083 701 9852 of **Jurle Snyman** by 013 750 1070 vir meer inligting. Aansoek, vergesels van 'n volledige CV, moet per e-pos aan ds Breitenbach by willem.breitenbach@outlook.com gestuur word.

Die sluitingsdatum vir aansoek is **30 September 2026**. Klik [hier](#) vir die volledige beskrywing van die pos.

Rekenmeester: Grootboek
Die **Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NhkA)** nooi geskikte en dinamiese kandidaat uit om aansoek te doen vir die pos van **Rekenmeester: Grootboek**.

Die geskikte kandidaat sal verantwoordelik wees vir die bestuur en beheer van die NhkA se finansiële transaksies en rekonsiliasies rakende grootboeke, kontroleerings, begrotings, trustrekeninge, asook finansiële verslagdoening. Die rol vereis 'n persoon met sterk tegniese rekenkundige kennis, uitstekende aandag aan detail en die vermoë om finansiële prosesse voortdurend te verbeter.

Die sluitingsdatum vir aansoek is **1 Oktober 2026**. Klik [hier](#) vir die volledige beskrywing van die pos.

Orrells: Gemeente Potchefstroom
Die gemeente het 'n vakature vir 'n voltydse orrellis om begeleiding tydens erdiensle en spesiale erdiensle, soos Kers- en Paasangdienste, te doen. Deel van sy/haar pligte sluit ook die voorbereiding en uitvoering van gepaste voor- en naspele, asook ander gepaste liturgiese musiek tydens erdiensle in. Samewerking met ander musikante sal nodig wees, byvoorbeeld tydens spesiale erdiensle.

Die sluitingsdatum vir aansoek is **1 Oktober 2026**. Klik [hier](#) vir die volledige beskrywing van die pos.

KERKLIKE EN ANDER PUBLIKASIES

Die Kerkkalender vir 2027 wat deur die afdeling Kerklike Kommunikasie vir gebruik in ons gemeentes voorberei is, is **hier** op die Kerk se webblad beskikbaar.

Die kalender bevat inligting oor die kerklike feesdae, openbare vakansiedae, skoolterme en spesiale geleentheid wat vir die hele Hervormde Kerk van belang is. Gemeentes kan hul eie gemeenteprogram daarop invul en die kalender in gedrukte of elektroniese formaat onder hul lidmate versprei. U kan ook die kerklike feesdae [hier](#) aflaai.

KOM KYK EN LUISTER SAAM

kyk hier
Die Bybelse Dagboek se **dagstukkies** is nou ook op Donderdae in **videoformaat** op sosiale media beskikbaar. Kyk **kyk hier** saam na die afgelope week se plaasing. Onthou ook dat die dagstukkies daagliks op Facebook in teksvorm gedeel word.

kyk hier
Ons weeklikse **Blitspos** woorde deur **Lane Truscott** aangebied. Klik [hier](#) vir die jongste weergawe. Nuwe weergawes verskyn elke Vrydag op sosiale media en YouTube.

LIED VAN DIE WEEK

lyuister hier
VONKK 71 – Groot is u trou, o Heer
Groot is u trou, o Heer, my God en Vader;
rotsvas u woorde en blywend u Gees.
U trou wyk nooit en u goeiedad word ewig –
U wat vir altyd die liefde sal wees.
Groot is u trou, o Heer, groot is u trou, o Heer!
Daaglik sien ek u genade ontvou.
U hand versorg my in nood en in lyding.
Ek staan verstom voor u liefde en trou.

Somer en winter, en lente en oostyd,
son, maan en sterre in stralende baan,
sing juigend saam oor die Skepper se grootheid,
loof God so trou waardeer alles bestaan.
Groot is u trou, o Heer, groot is u trou, o Heer!
Daaglik sien ek u genade ontvou.
U hand versorg my in nood en in lyding.
Ek staan verstom voor u liefde en trou.

Sondervergiftis en blywende vrede,
u liefdestrou wat vertroos my lei,
krag vir vandag en 'n hoopvolle môre:
duisende seëninge gee U vir my.
Groot is u trou, o Heer, groot is u trou, o Heer!
Daaglik sien ek u genade ontvou.
U hand versorg my in nood en in lyding.
Ek staan verstom voor u liefde en trou.

'n Lied wat God se trou oor seisoene en omstandighede besing

Verlede week se tema van seisoenswisseling sluit aan by **VONKK 71 – Groot is u trou, o Heer**.

Die oorspronklike tekste:
Thomas Chisholm (1866–1960) het die lirieke van *Great Is Thy Faithfulness* in 1923 geskryf. Hy is in Kentucky gebore en het aanvanklik as onderwyser en joernalis gewerk. Hy het later predikant in die Metodistekerk geword. Swak gesondheid het hom beëindig dat hy die voltydse bediening moes verlaat. Hy vertel dat die lirieke ontstaan het uit sy nadenke oor God se voortdurende voorsienigheid en trou.

Die komponis:
Chisholm het die teks aan William Runyan gestuur, wat by die Moody Bybelinstituut betrokke was. Runyan het die melodie gekomponeer en dit die titel *Faithfulness* gegee.

Die Afrikaanse teks is in 2008 deur Driekie Jankowitz geskryf. Sy het gepoeg om die trant van die Engelse teks in die vertaling te behou. In sowel die oorspronklike as die vertaling is die onderliggende tema die gedagte van Klagliedere 3, waar die digter self in sulders benarde omstandighede bely dat God se trou elke môre nuut is. Die teks verkondig dus nie die oppervlakkige boodskap dat dit altyd goed sal gaan nie. Dit bely eerder dat God se trou vasstaan, selfs wanneer alles om my verander – seisoene, omstandighede en meer.

Liturgiese gebruik:
Die lied kan as losfang gebruik word, veral tydens jaar- of seisoenswisseling. Dit pas ook goed by 'n preek oor vaste vertroue in 'n onwankelbare God, soos dit in Klagliedere 3. In die **VONKK**-korpus is die lied opgehoor onder die rubriek: *Lofprysing en Geloof en Vertroue*.

Laister [hier](#) na die Engelse weergawe en klik [hier](#) vir die Afrikaanse weergawe. Begeleidingsnitte, bladmusiek en PowerPoint-aanbiedings is [hier](#) beskikbaar vir gemeentes wat op **VONKK** ingetekens is.

Ds Hannes van der Merwe (Pretoria-Oos)

GEDAGTE

Die vrou is nie dood nie nóg by Kempton Park nóg by Rhodesfeld nóg by Orlamsfontein nóg by Clayville nóg langs die pad in Kwa-Thema waar sy lê sonder klerie in die oop veld

Die vrou is die skaduwee van die mans op wag met pikke samboeke en knekuels die vrou is teenwoordig by alle vergaderings en getuigings die vrou loer deur die vensters van huise en in die harte van moeders

die vrou wat net wou hardloep in die son by Rhodesfeld is orals die vrou wat 'n suster geword het trek deur die ganse land die vrou wat 'n reus geword het reis deur die hele wêreld

Sonder ang
Met apologiese aan Ingrid Jonker en alle vroue.

Uit: Moederkerk-Facebookblad (Nl Moederkerk Stellenbosch)

FONDSINAMELINGS EN KERKSAKE

vertel ons
Vertel ons asseblief van **geleentheid** by al julle gemeentes. Stuur asseblief die besonderhede na: taal@nhk.co.za.

30 SEP SLUIT
GEMEENTE DULLSTROOM
Koop 'n loutjie en staan 'n kans om een van drie vakansies te wen. Kaartjies kan by die gemeente gekoop word deur 'n inbetaling in die gemeente se bankrekening te doen.
Bankbesonderhede: FNB, rekeningnommer: 62049581516. Gebruik asseblief u naam as verwysing.
Bevrys van betaling aan 082 839 5669 (Hannettje) om u kaartjenommer te ontvang.

9 OKT
GEMEENTE SELCOURT: GHOLFDAAG
Ghoftkarreities en heerlike middagete is ingesluit.
R2 850 per vierbal R1 000 borggeld per bof
Pollakpark Ghoftklub
072 260 1415 (ds Dalene)

10 OKT SLUIT
GEMEENTE OOS-MOOT
Wen 'n vakansie vir ses persone (vier volwassenes en twee kinders (12 jaar) in 'n selfsorgtoesig by Dikholo in die Brits-distrik van 7 tot 11 Desember 2026. Die trekking vind tydens Gemeente Oos-Moot se Magaliesfees op 10 Oktober 2026 plaas.
Kaartjies kos R100 per inskrywing.
E-pos kompete.nhk.oosmoot@gmail.com vir meer besonderhede.

17 OKT
SEESTERGEMEENTE BRACKENHURST: KLIPWERF OKRES
Kom koop heerlike beroewersrolle en geniet die aand saam met ons en die Klipwerf Okres.
R150 per persoon of R1 500 per tafel
Alberante Autobody, Voortrekkerstraat Repair Centre
011 868 3625 (Kerk) of 082 449 2274

24 OKT
GEMEENTE KEMPTON PARK-OOS: BIKES & BEETLES-BASAAR
Kom deel, verkoop en geniet 'n fantastiese dag vol pret vir die hele gesin.
082 924 7344 (ds Anneliese)

30 en 31 OKT
GEMEENTES KURUMAN, KATHU EN POSTMASBURG: KALAHARI-KUIER IN AFRIKAANS
Kom luister na 'n propvol verhoogsprogram.
Maak 'n draai by die kuierent. Kom geniet twee dae van musiek, kuer, lekker kos en egte Afrikaanse gees onder die Kalahari-son!
Besoek www.kkag.org.za vir meer inligting, kaartjies, uitsaai- en kosstalletjiesbespreking.
Sivos Sportgronde, Kathu

SP ENGELBRECHT-MUSEUM

SP ENGELBRECHT-MUSEUM
Lidmate word vriendelik uitgenooi om ons kerkmuseum te kom besoek.

Kontak asseblief vir ds Johann de Bruin, careljohann@gmail.com of 082 733 3951 om u besoek te bespreek.

624 Mansfieldlaan, Rooftafel, Pretoria
Etoefia, Ingang via Etoefiastraat, hek 4
Besoek per afspraak
Kontakpersoon: Ds Johann de Bruin
082 733 3951
careljohann@gmail.com
SP Engelbrecht Museum
Toegang: R40 per persoon
Vullige parkering en roetservierend.

TOERUSTING

WEBINAAR: WET OP BESKERMING VAN PERSOONLIKE INLIGTING
Aanbieders: Mnr Johan Hattingh en Gerhard Pieters
Tydsduur: 90 minute

Dinsdag 6 Oktober om 19:00
<https://teams.microsoft.com/join/376720847392743?pwd=f6cws7TWpAJElquqvz>
ID: 376 720 847 392 741
Toegangskode: 3f3S39n

Donderdag 8 Oktober om 09:00
<https://teams.microsoft.com/join/3307759953817247?pwd=t6QZG5f6hehPbKdR>
ID: 337 075 995 381 724
Toegangskode: t3nS6sx9

WEBINAAR: WET OP BASIESE DIENSVOORWAARDES
Aanbieders: Mnr Simon Kotzé
Tydsduur: 90 minute

Dinsdag 17 November om 09:00
<https://teams.microsoft.com/join/3649880899895667?pwd=Y55LMTOBy5i4Ln6LR>
ID: 364 988 089 989 566
Toegangskode: zN6Ab3Bw

Donderdag 19 November om 19:00
<https://teams.microsoft.com/join/390600717640787?pwd=UzliQ0c9c5e94mTVVX>
ID: 390 600 717 640 78
Toegangskode: x8C9ym9K

Uitnodiging deur die Werkgemeenskap Historiese Teologie (ISA) in samewerking met die Departement Sisteemse en Historiese Teologie van die Universiteit van Pretoria
Die verhouding en verhouding van geloof in kuns, musiek, letterkunde en argitektuur
Deur die skrywer van die boek, musikant, letterkundige en argitek, 'n kragtige rol gespeel in hoe die kerk geloop verbeeld en verwort kom dat aan by herte ingewikkelde kulturele waar daar saam nagedink word oor die samehang tussen skoonheid, kuns en geloofsvinding.

Gespreke: Prof HF (Hennie) Stander en Prof E (Elfride) Dreyer.
Sub temas: Beëindigende kuns, musiek, argitektuur, letterkunde.
Konferensiefores: 8600
Sluit verwerings, 'n onthalt en WHT-lidmate kan in.

Konferensie: Prof Wim Dreyer wim@nhk.co.za
Prof Johan van der Merwe joan.vdm@nhk.co.za
Dr Christo Pretorius christo@pretoria-foes.com
Dr Antonette Jansen van Rensburg antony@nhk.co.za

12 Oktober 2026
28-29-30 Oktober 2026
Gemeente Pretoria-Oos, Deltwyn, Waterloofpark

VTT 2026
Blymoedig Kerkwees
Byvoeding en innovasie
Hierdie is 'n aanlyn kursus vir predikante wat die digter se woorde VTT-aanbiedings kon bywoon nie.
Daar word 20 krediete toegeken aan hierdie geleentheid (Deel 1 en 2).

Woensdag 7 Oktober 18:00-21:00 (Deel 1)
ID: 371 845 832 381 619
Beoorgede: G07U99
Donderdag 8 Oktober 18:00-21:00 (Deel 2)
ID: 396 486 336 416 17
Beoorgede: D0C25x2

Kontak vir Clarika by clarikah@nhk.co.za vir navrae en verdere inligting.

BARMHARTIGHEID

kyk hier
Klik asseblief [hier](#) vir meer inligting oor seniorbushuis en versorging.

GEBED VIR DIE WEEK

Liewe Heer,
Leer my om te doen wat vir U aanvaarbaar is, want U is my God.
U goeie Gees moet my lei op gelyk grond.

Amen.
(Ps 143: 10, AFR2020)

REDAKTEUR

REDAKTEUR
Ds David Barnard

SUBREDAKTEUR
Ds Mariët Robbertze

KOÖRDINEERDER
Ms Janet du Plessis

UITLEGGKUNSTENAAR
Mnr Hugo van Nieklerk

JOERNALIS
Ds Iwana Kruger